2. Iedereen wat 'n private hospitaal instel, uitbrei, dryf of onderhou moet by die Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak 221, Pretoria, aansoek doen om die registrasie van sodanige private hospitaal op die aansoekvorm soos in Aanhengsel A voorgeskryf.

*Registrasiesertifikaat.*

3. By aanvaarding van 'n aansoek om registrasie van 'n private hospitaal, reik die Direkteur 'n registrasiesertifikaat aan die eienaar van sodanige private hospitaal uit op die vorm soos in Aanhengsel B voorgeskryf.

4. Die Direkteur kan weier om 'n registrasiesertifikaat uit te reik as hy nie oortuig is dat daar aan al die vereistes vir registrasie voldoen is nie.

*Geldigheidsduur van registrasiesertifikaat.*

5. 'n Registrasiesertifikaat is geldig vir 'n tydperk van twaalf maande van die datum af waarop dit uitgereik is: Met dien verstande dat die Direkteur 'n registrasiesertifikaat vir 'n korter tydperk as twaalf maande kan uitreik.

*Hernuwing van Registrasie.*

6. 'n Aansoek om hernuwing van registrasie moet die Direkteur minstens twee maande voor die vervaldatum van 'n registrasiesertifikaat bereik, en moet op die vorm, soos in Aanhengsel C voorgeskryf, gedoen word.

*Vertoon van registrasiesertifikaat.*

7. 'n Registrasiesertifikaat moet gedurende die periode van geldigheid by die ingang of voorportaal van die hoofgebou waarin die private hospitaal gehuisves is, op 'n opvallende manier aangebring en vertoon word.

*Intrekking van registrasiesertifikaat.*

8. Indien die eienaar van 'n private hospitaal enigeen van die bepalings van hierdie regulasies oortree of versuum om daaraan te voldoen, kan die Direkteur die registrasiesertifikaat by skriftelike kennisgewing aan sodanige eienaar intrek en gelas dat die private hospitaal gesluit word.

9. Indien die Administrateur dit in die openbare belang ag, kan hy 'n registrasiesertifikaat by skriftelike kennisgewing gerig aan die eienaar intrek en gelas dat die private hospitaal met ingang van 'n bepaalde datum gesluit word.

*Inspeksie van private hospitale.*

10. Enige private hospitaal kan te eniger tyd deur die Direkteur of deur sodanige ander beampte, daartoe deur hom gemagtig, geïnspekteer word.

*Vereistes vir registrasie.*

11. Geen private hospitaal word as sodanig geregister nie tensy daar tot bevrediging van die Direkteur bewys gelewer word dat die persoon in bevel, of 'n geregistreerde geneesheer, ingevolge die Wet op Geneeshere, Tandartse en Apteker, 1928 (Wet No. 13 van 1928), is, of as 'n geregistreerde algemene verpleegster of vroedvrou ingevolge die Wet op Verpleegsters, 1957 (Wet No. 69 van 1957), geregistreer is, of 'n private hospitaal bestuur het, wat voor die inwerkingtreding van hierdie regulasies deur die Administrateur of deur die Departement van Gesondheid, as sodanig geregistreer was: Met dien verstande dat die Direkteur 'n registrasiesertifikaat kan uitreik waar die persoon in bevel 'n ongekwaliifiseerde verpleegster of vroedvrou is, indien die Direkteur oortuig is dat daar geen ander geskikte verpleeg- of kraamgeriewe bestaan op die plek waar die private hospitaal ingestel, uitgebrei, gedryf of onderhou staan te word nie.

12. Indien die persoon in bevel van 'n private hospitaal slegs as vroedvrou gekwaliifiseer is, word sodanige private hospitaal geregistreer as 'n hospitaal waarin slegs kraamgevalle opgeneem en behandel kan word, tensy die Direkteur anders besluit.

*Application for Registration of a Private Hospital.*

2. Any person who establishes, extends, conducts or maintains a private hospital, shall apply to the Director of Hospital Services, Private Bag 221, Pretoria, for the registration of such private hospital on the application form as prescribed in Annexure A.

*Certificate of Registration.*

3. On the acceptance of an application for registration of a private hospital, the Director shall issue to the proprietor of such private hospital a certificate of registration in the form as prescribed in Annexure B.

4. The Director may refuse to issue a certificate of registration if he is not satisfied that all the requirements for registration have been complied with.

*Validity of Certificate of Registration.*

5. The certificate of registration shall be valid for a period of twelve months from the date of issue: Provided that the Director may issue a certificate of registration for a period of less than twelve months.

*Renewal of Registration.*

6. An application for the renewal of registration shall reach the Director not less than two months before the date of expiry of any certificate of registration and shall be made in the form as prescribed in Annexure C.

*Display of Certificate of Registration.*

7. A certificate of registration shall, for the period of validity, be fixed and displayed in a conspicuous manner at the entrance or in the foyer of the main building in which the private hospital is accommodated.

*Cancellation of Certificate of Registration.*

8. If the proprietor of a private hospital contravenes or fails to comply with any of the provisions of these regulations, the Director may by notice in writing addressed to the proprietor, cancel the certificate of registration and order the private hospital to be closed.

9. The Administrator may, if he considers it to be in the public interest, order that a certificate of registration be cancelled by a notice in writing addressed to the proprietor and that the private hospital be closed down with effect from a fixed date.

*Inspection of Private Hospitals.*

10. Any private hospital may be inspected at any time by the Director or by such other officer as may be authorised thereto by him.

*Requirements for Registration.*

11. No private hospital shall be registered as such unless it is proved to the satisfaction of the Director that the person in charge is either a registered medical practitioner in terms of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), or a registered general nurse or midwife, in terms of the Nursing Act, 1957 (Act No. 69 of 1957), or has managed a private hospital, which was registered as such by the Administrator or the Department of Health prior to the coming into operation of these regulations: Provided that the Director may issue a certificate of registration where the person in charge is an unqualified nurse or midwife if the Director is satisfied that there are no other suitable nursing or maternity facilities at the place where the private hospital is to be established, extended, conducted or maintained.

12. If the person in charge of a private hospital is qualified as a midwife only, such private hospital shall be registered as a hospital to which only maternity cases may be admitted and treated, unless the Director otherwise decides.

13. Indien die persoon in bevel van 'n private hospitaal slegs as algemene verpleegster geregistreer is ingevolge die Wet op Verpleegsters, 1957 (Wet No. 69 van 1957), word sodanige private hospitaal geregistreer as 'n hospitaal waarin slegs algemene mediese en chirurgiese gevalle opgeneem en behandel kan word, tensy die Direkteur anders besluit.

14. Geen private hospitaal word as sodanig geregistreer nie tensy die Direkteur oortuig is dat die personeel, perseel, geboue en uitrusting toereikend en geskik is vir die doeleindes van sodanige private hospitaal.

15. Indien 'n private hospitaal wat as sodanig deur die Direkteur geregistreer is, nie langer aan die vereistes waarna in regulasie 14 verwys word, voldoen nie, of indien die dienste gelewer deur sodanige hospitaal na die mening van die Direkteur, ontoereikend of onbevredigend is, kan die Direkteur die eiennaar van 'n private hospitaal skriftelik aansé om binne 'n redelike tydperk, sodanige struktuurveranderings of verbeterings aan die gebou aan te bring, of sodanige uitrusting te voorsien of sodanige gebreke te herstel as wat vermeld word en indien die eiennaar in gebreke bly om aan sodanige kennisgewing gevolg te gee, kan die Direkteur ingevolge regulasie 8 die registrasiesertifikaat intrek en kan hy gelas dat die private hospitaal gesluit word.

16. Die persoon in bevel van 'n private hospitaal moet op versoek van die Direkteur of sodanige ander beampete daartoe deur hom gemagtig, inligting betreffende die bestuur van sodanige private hospitaal en die versorging en behandeling van pasiënte daarin, aan die Direkteur of sodanige ander beampete verstrek en alle registers, kliniese rekords, koorskaarte en ander rekords betreffende pasiënte en die bestuur van sodanige private hospitaal, aan die Direkteur of sodanige ander beampete vir insae beskikbaar stel.

17. Die persoon in bevel van 'n private hospitaal moet 'n register aanlê en byhou—

- (i) ten opsigte van algemene mediese en chirurgiese pasiënte op die vorm soos in Aanhangsel D voorgeskryf; en
- (ii) ten opsigte van kraamgevalle op die vorm soos in Aanhangsel E voorgeskryf.

18. Die eiennaar van 'n private hospitaal—

- (i) mag nie meer pasiënte in 'n private hospitaal opneem en behandel as die getal wat aangegeven word in die registrasiesertifikaat nie: Met dien verstande dat, indien die omstandighede sodanig is dat dit noodsaaklik is om meer pasiënte op te neem en te behandel as die getal wat in die registrasiesertifikaat aangegeven word, die eiennaar die Direkteur binne sewe dae na die opname van sodanige pasiënte skriftelik daarvan in kennis moet stel met 'n uiteensetting van die rede daarvoor;
- (ii) mag geen gebou wat vir die doeleindes van 'n private hospitaal opgerig is, verander of vergroot nie sonder die voorafverkreeë skriftelike goedkeuring van die Direkteur;
- (iii) moet enige verandering van die besonderhede, hetsy soos deur hom in die aansoekvorm verstrek of soos op die geldende registrasiesertifikaat aangegee, onmiddellik skriftelik aan die Direkteur rapporteer;

en indien hy versuim om aan enige van hierdie vereistes te voldoen, kan die Direkteur kragtens regulasie 8 die registrasiesertifikaat intrek en gelas dat die private hospitaal gesluit word.

19. Die eiennaar van 'n private hospitaal moet binne drie maande na die sluiting van elke boekjaar van sodanige private hospitaal 'n verslag oor die bedrywigheide van daardie private hospitaal gedurende sodanige boekjaar aan die Direkteur voorlê.

#### *Reg van Appel.*

20. Enige eiennaar van 'n private hospitaal wat hom deur enige besluit deur die Direkteur kragtens hierdie regulasies geneem, veronreg voel, kan skriftelik by die Administrateur teen sodanige besluit appelleer en die Administrateur se beslissing is die eindbeslissing.

13. If the person in charge of a private hospital is registered as a general nurse only, in terms of the Nursing Act, 1957 (Act No. 69 of 1957), such private hospital shall be registered as a hospital to which only general medical and surgical cases may be admitted and treated, unless the Director otherwise decides.

14. No private hospital shall be registered as such unless the Director is satisfied that the staff, premises buildings and equipment are adequate and suitable for the purposes of such private hospital.

15. If a private hospital registered as such by the Director, ceases to conform to the requirements referred to in regulation 14 or if, in the opinion of the Director, the services rendered by such hospital are inadequate or unsatisfactory, the Director may in writing direct the proprietor of a private hospital to bring about within a reasonable period such structural alterations or improvements to the building or supply such equipment or remedy such defects, as may be stated; if the proprietor fails to comply with such notice, the Director may, in terms of regulation 8, cancel the certificate or registration and he may order the private hospital to be closed.

16. The person in charge of a private hospital shall, when requested to do so by the Director or by such other officer as may be authorised by him thereto, furnish information regarding the management of such private hospital and the care and treatment of patients therein to the Director or such other officer, and all registers, clinical records, temperature charts and other records concerning patients and the management of such private hospital, shall be open for inspection by the Director or such other officer.

17. The person in charge of a private hospital, shall open and keep—

- (i) a register in respect of general medical and surgical patients in the form as prescribed in Annexure D; and
- (ii) a register of maternity cases in the form as prescribed in Annexure E.

18. The proprietor of a private hospital—

- (i) shall not admit to and treat in a private hospital more patients than the number stated in the certificate of registration: Provided that where the circumstances are such that it is necessary to admit and treat more patients than the number stated in the certificate of registration, the owner shall notify the Director thereof within seven days after admission of such patients and state the reason therefor;
- (ii) shall not alter or add to any building erected for the purpose of a private hospital without having obtained the prior approval in writing of the Director;
- (iii) shall immediately, in writing, report to the Director any change in the data whether as furnished by him in the application form or as indicated on the current certificate of registration: and if he fails to comply with any of these requirements, the Director may, in terms of regulation 8, cancel the certificate of registration and order the private hospital to be closed.

19. The proprietor of a private hospital shall submit to the Director, within three months from the closing date of such hospital's financial year, a report on the activities of that private hospital during such financial year.

#### *Right of Appeal.*

20. Any proprietor of a private hospital who feels aggrieved by any decision made by the Director in terms of these regulations may appeal in writing against such decision to the Administrator whose decision shall be final.

## DIE PROVINSIE TRANSVAAL.—THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Aansoek om registrasie van 'n Private Hospitaal.  
Application for registration of a Private Hospital.

Die Direkteur,  
Departement van Hospitaaldienste,  
Privaatsak 221,  
Pretoria.

The Director,  
Department of Hospital Services,  
Private Bag 221,  
Pretoria.

1. Naam van Hospitaal  
*Name of Hospital.*
2. Datum opgerig of geopen  
*Date established or opened.*
3. Posadres  
*Postal address.*
4. Ligging van hospitaal (straat, buurt, dorp)  
*Situation of hospital (street, locality, town).*
5. Voorwaardes waarop eienaar die perseel besit  
*Tenure on which premises held by proprietor.*
6. Geregistreerde eienaar van eiendom  
*Registered owner of property.*
7. Naam en adres van eienaar van hospitaal (indien 'n maatskappy of genootskap, vermeld naam en adres daarvan)  
*Name and address of proprietor of hospital (if a company or association, give the name and address thereof).*
8. Klasse van pasiënte (kraam, chirurgies, medies, tering ens.)  
*Classes of patients (maternity, surgical, medical, tubercular, etc.).*
9. Besonderhede van vertrekke of sale vir pasiënte.  
*Particulars of wards or rooms used for patients.*

Getal. Number.	Lengte. Length.	Breedte. Width.	Hoogte. Height.	Getal vensters. No. of Windows.	Getal beddens. No. of Beds.	Opmerkings. Remarks.
1						
2						
3						
4						
5						
ens./etc.						

10. (a) Getal beddens beskikbaar:  
*Number of beds available:*

	Algemeen. General.	Kraam. Maternity.	Aansteeklike siektes. Infectious Diseases.	Totaal. Total.
Blankes Whites				
Nie-Blankes Non-Whites				

- (b) In die geval waar akkommodasie beskikbaar is vir gevalle van aansteeklike siektes, is die Streeksdirekteur, Staatsgesondheidsdienste, tevreden met die beschikbare fasiliteite vir die behandeling van sulke gevalle?  
*In the event of accommodation being available for cases of infectious diseases, is the Regional Director, State Health Services, satisfied with the facilities available for the treatment of such cases?*  
Meld nommer en datum van sodanige goedkeuring  
*Quote number and date of such approval.*

11. Gemiddelde daaglikse bedbesetting gedurende afgeloë kalenderjaar.  
*Average daily bed occupancy during past calendar year.*

	Algemeen. General.	Kraam. Maternity.	Aansteeklike Siektes. Infectious Diseases.	Totaal. Total.
Blankes Whites				
Nie-Blankes Non-Whites				

12. Besonderhede ten opsigte van:  
*Particulars in respect of:*

- (a) Aantal operasiesale  
*Number of operating theatres.*
- (b) Aantal operasies per jaar—  
*Number of operations per year—*
  - (i) Groot/Major
  - (ii) Klein/Minor
- (c) Aantal badkamers  
*Number of bathrooms.*
- (d) Aantal latrines  
*Number of lavatories.*
- (e) Aantal spoekkamers  
*Number of sluice rooms.*
- (f) Verbandkamer/Behandelingskamer  
*Dressing room/Treatment room.*
- (g) Lykhuis  
*Mortuary.*
- (h) Versorging van vuil linne  
*Care of soiled linen.*



20. Geneeskundige personeel: Meld name van geneeshere en algemene reellings vir geneeskundige versorging van pasiënte.\*  
*Medical staff: State names of medical practitioners and general arrangements for medical attendance on patients\**
21. Word die hospitaal deur die Verpleeglersraad as opleidingsentrum vir verpleegsters, vroedvroue of hulpverpleegsters erken?  
*Is this hospital recognized by the Nursing Council as training institution for nurses, midwives or auxiliary nurses?*
22. Reellings (indien enige) vir opleiding en onderrig van leerlingverpleegsters of vroedvroue of hulpverpleegsters  
*Arrangements (if any) for training and instruction of student nurses, student midwives or auxiliary nurses.*

Hiermee verklaar ek dat bogenoemde gegewens waar en korrek is.  
*I hereby certify that the abovementioned particulars are true and correct.*

Plek  
*Place*

Datum  
*Date*

Handtekening van eienaar.  
*Signature of Proprietor.*

\* L.W.—Indien beskikbare spasie onvoldoende, heg aparte skedule aan.  
 \* N.B.—If available space insufficient, attach separate schedule.

AANHANGSEL B.  
*ANNEXURE*

DIE PROVINSIE TRANSVAAL.—THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

REGISTRASIESERTIFIKAAT.—CERTIFICATE OF REGISTRATION.

Hiermee word gesertifiseer dat die  
*It is hereby certified that the*

geleë te  
*situated at*

geregister is as 'n private hospitaal ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Hospitale, 1958 (Ordonnansie No. 14 van 1958) vir  
*is registered as a private hospital in terms of the provisions of the Hospitals Ordinance, 1958 (Ordinance No. 14 of 1958) for a period*  
 'n tydperk van maande, eindigende  
*months, ending*

Naam van eienaar  
*Name of proprietor*

Adres van eienaar  
*Address of proprietor*

Maksimum getal pasiënte wat tegelykertyd opgeneem kan word, is as volg:  
*Maximum number of patients who may be admitted at the same time is as follows:*

Blankes  
*Whites*  
 Nie-Blankes  
*Non-Whites*

Die werkzaamhede van bogenoemde private hospitaal word beperk tot die opname en behandeling van die volgende pasiënte  
*The activities of the above-mentioned Private Hospital are restricted to the admission and treatment of the following patients*

Geteken te \_\_\_\_\_ op \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_  
*Signed at \_\_\_\_\_ on the \_\_\_\_\_ day of \_\_\_\_\_* 19\_\_\_\_\_

Direkteur van Hospitaaldienste.  
*Director of Hospital Services.*

AANHANGSEL C.  
*ANNEXURE*

DIE PROVINSIE TRANSVAAL.—THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Aansoek om hernuwing van registrasie van Private Hospitaal.  
*Application for renewal of registration of Private Hospital.*

Die Direkteur,  
*The Director,*  
 Departement van Hospitaaldienste,  
*Department of Hospital Services,*  
 Privaatsak 221,  
*Private Bag 221,*  
 Pretoria.  
*Pretoria.*

1. Naam van instigting  
*Name of institution*

2. Posadres  
*Postal address*

3. Eienaar van Private Hospitaal, Vermeld:  
*Proprietor of Private Hospital, State:*

Naam  
*Name*  
 Ouderdom  
*Age*  
 Geslag  
*Sex*  
 Ras  
*Race*  
 Adres  
*Address*

4. Persoon in bevel van Private Hospitaal, Vermeld:  
*Person in charge of Private Hospital, State:*

Naam  
*Name*  
 Ouderdom  
*Age*  
 Geslag  
*Sex*  
 Ras  
*Race*  
 Inwonend of nie  
*Resident or not*  
 Kwalifikasies  
*Qualifications*

Verpleegondervinding  
*Nursing experience*

Indien by die S.A. Verpleegstersraad geregistreer, meld:  
*If registered with the S.A. Nursing Council, state:*

	Nommer van oorspronklike sertifikaat. <i>Number of Original Certificate.</i>	Datum van uitreiking. <i>Date of Issue.</i>	Jaarlikse registrasie. <i>Annual Registration.</i>
			Kwitansie nommer. <i>Receipt Number.</i>
Algemeen <i>General</i>			
Verloskunde <i>Midwifery</i>			
Ander <i>Other</i>			

Geneeskundige personeel: Meld name van geneesher en algemene reellings vir geneeskundige versorging van pasiënte.\*  
*Medical staff: State names of medical practitioners and general arrangements for medical attendance on patients\**

\* L.W.—Indien beskikbare spasie onvoldoende, heg aparte skedule aan.  
 .... \* N.B.—If available space insufficient, attach separate schedule.

Hierdie instigting funksioneer as 'n Kraamininstigting, Verpleegininstigting, Nywerheidshospitaal, Sendinghospitaal. (Skrap wat nie van toepassing is nie.)  
*This institution is functioning as a Maternity Home, Nursing Home, Industrial Hospital, Mission Hospital. (Delete whichever is not applicable.)*

5. Getal beddens beskikbaar.  
*Number of beds available.*

	Algemeen. <i>General.</i>	Kraam. <i>Maternity.</i>	Aansteeklike siektes. <i>Infectious Diseases.</i>	Totaal. <i>Total.</i>
Blankes <i>Whites</i>				
Nie-Blankes <i>Non-Whites</i>				

In die geval waar akkommodasie beskikbaar is vir gevalle van aansteeklike siektes, is die Streeksdirekteur, Staatsgesondheidsdienste, tevrede met die beskikbare fasilitete vir die behandeling van sulke gevalle?  
*Where accommodation is available for cases of infectious diseases, is the Regional Director of the State Health Services satisfied with the facilities available for the treatment of such cases?*

Meld nommer en datum van goedkeuring  
*Quote the number and date of approval*

6. Daaglikske bedbesetting gedurende afgeloop kalenderjaar.  
*Daily bed occupation during past calendar year.*

	Algemeen. <i>General.</i>	Kraam. <i>Maternity.</i>	Aansteeklike siektes. <i>Infectious Diseases.</i>	Totaal. <i>Total.</i>
Blankes <i>Whites</i>				
Nie-Blankes <i>Non-Whites</i>				

7. In welke mate is die voorwaardes by vorige registrasie gestel (as daar was) ten uitvoer gebring?  
*To what extent have the conditions (if any), stipulated at previous registration, been executed?*

8. Is daar enige veranderings aan geboue en akkommodasie aangebring sedert vorige registrasie? Indien wel, gee besonderhede.  
*Have any changes been effected in the buildings and accommodation since the previous registration? If so, give particulars.*

Datum  
*Date*

Handtekening van Eienaar.  
*Signature of Proprietor.*

**DIE PROVINSIE TRANSVAAL—THE PROVINCE OF TRANSVAAL.**

AANHANGSEL

Reeksnummer van geval. Serial Number of Case.	Registrasie Nr. Registered No.	Datum opgeneem. Date Admitted.	Naam van pasiënt. Patient's Name.	Ouderdom. Age.	Geslag. Sex.	Ras. Race.	Woonadres. Home Address.	Siekte of toestand. Disease or Condition.	Naam van pasiënt se dokter. Name of Practitioner attending.	Datum-en aard van eventuele operasie. Date and Nature of Operation (if any).	Naam van Chirurg. Name of Surgeon.	Uitslag. Result.	Ontslaan. Discharged.	Oortred. Died.	Gesertifi- seerde oor- staak van dood. Certified cause of Death.	Datum. Date.	In geval van dood. In case of Death.
Ouderdom. Age.																	
Ras. Race.																	
Getal-vorige bevalings (of miskraam na gelang van die geval). Number of previous Labours (or Miscarriages, as case may be).																	
Datum van bevalling (of miskraam). Date of Confinement (or Miscarriage).																	
Normaal, vroegtydig of miskraam. Indien miskraam, vermeld benaderde getal maande. Full-time, Premature or Miscarriage. If Miscarriage, state Approximate Number of Months.																	
Ligging. Presentation.																	
Duur van bevalling. Duration of Labour.																	
Geslag van suigeling. Sex of Infant.																	
Dood of lewend by geboorte. Born Alive or Dead.																	
Eventuele komplikasie gedurende of na bevalling. Complication (if any) During or After Labour.																	
Eventuele dokter. Medical Attendant (if any).																	
Datum van vroedvrou se laaste besoek of datum van ontslag. Date of Midwife's Last Visit or Date of Discharge.																	
Moeder se toestand op daardie tydstip. Condition of Mother then.																	
Kind se toestand op daardie tydstip. Condition of Child then.																	
Opmerkings. Remarks.																	

**DIE PROVINSIE TRANSVAAL—THE PROVINCE OF TRANSVAAL.**  
**PRIVATE HOSPITAAL: REGISTER VAN KRAAMGEVALLE—PRIVATE HOSPITAL: MATERNITY REGISTER.**

**AANHANGSEL E.**


Administrateurskennisgewing No. 620.] [5 Augustus 1964.  
INTREKKING VAN SEKERE AANSTELLINGS AS ERE-WILDBEAMPTES.

Daar word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat alle aanstellings van ere-wildbeamptes (uitgenome sodanige aanstellings ten opsigte van amptenare in diens van die Transvaalse Provinciale Administrasie) wat voor 23 Maart 1963 deur die Administrateur gedoen is ingevolge die bepalings van regulasie 1 van Hoofstuk III van die Wildregulasies, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 997 van 20 Desember 1950, deur die Administrateur ingetrek is.

Administrateurskennisgewing No. 621.] [5 Augustus 1964.  
VERMINDERING EN AFBAKENING VAN UITSpanserwituut op die plaas MOOIPAN No. 546—K.R., DISTRIK POTGIERERSRUS.

Met betrekking tot Administrateurskennisgewing No. 84 van 6 Februarie 1963, word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Administrateur behaag, om ooreenkomsdig paragraaf (iv) van subartikel (1) en paragraaf (i) van subartikel (7) van artikel ses-en-vyftig van die Padordonansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), goedkeuring te hie dat die servituut ten opsigte van die onbepaalde of algemene uitspanning, groot 1/75ste van 2,088 morg 109 vierkante roede, waaraan die Gedeelte B van die plaas Mooipan No. 546—K.R., distrik Potgietersrus onderworpe is, verminder word na 5 morg en die verminderde uitspanning afgebaken word in die ligging, soos op bygaande sketsplan aangetoon.

D.P. 03-033-37/3/M-10.



Administrateurskennisgewing No. 622.] [5 Augustus 1964.  
OPENING VAN OPENBARE GROOTPAD OOR DORPSGRONDE VAN WOLMARANSSTAD EN PLAAS VLAKFONTEIN No. H.P.—37, DISTRIK WOLMARANSSTAD.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur ooreenkomsdig artikel vyf, subartikel (1) (b), (c) en 2 (b) en artikel drie van die Padordonansie, No. 22 van 1957, goedgekeur het dat 'n openbare grootpad met afwisselende breedtes oor die dorpsgronde van Wolmaransstad en aangrensende plaas Vlakfontein No. H.P.—37 sal bestaan soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P.H. 074-23/20/4/T13-9 en T13-10.

Administrator's Notice No. 620.] [5 August 1964.  
CANCELLATION OF CERTAIN APPOINTMENTS AS HONORARY GAME OFFICERS.

It is hereby notified for general information that all appointments of honorary game officers (excluding such appointments in respect of officers in the employ of the Transvaal Provincial Administration) made prior to the 23rd March, 1963, by the Administrator in terms of the provisions of regulation 1 of Chapter III of the Game Regulations, promulgated by Administrator's Notice No. 997 of the 20th December, 1950, have been cancelled.

Administrator's Notice No. 621.] [5 August 1964.  
REDUCTION AND DEMARCTION OF OUTSPAN SERVITUDE ON THE FARM MOOIPAN NO. 546—K.R., DISTRICT OF POTGIERERSRUS.


With reference to Administrator's Notice No. 84 of the 6th February, 1963, it is hereby notified for general information that the Administrator, is pleased, under the provisions of paragraph (iv) of sub-section (1) and paragraph (i) of sub-section (7) of section fifty-six of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), to approve that the servitude in respect of the undefined or general outspan, in extent 1/75th of 2,088 morgen 109 square roods, to which Portion B of the farm Mooipan No. 546—K.R., District of Potgietersrus, is subject, be reduced to 5 morgen and the reduced outspan be demarcated in the position, as indicated on the subjoined sketch plan.

D.P. 03-033-37/3/M-10.

Administrator's Notice No. 622.] [5 August 1964.  
OPENING PUBLIC MAIN ROAD OVER TOWNLANDS OF WOLMARANSSTAD AND THE FARM VLAKFONTEIN No. H.P.—37, DISTRICT WOLMARANSSTAD.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved in terms of section five, sub-section (1) (b), (c), 2 (b) and section three of the Roads Ordinance, No. 22 of 1957, that a public main road of varying widths shall exist over the townlands of Wolmaransstad and the adjoining farm Vlakfontein No. H.P.—37 as indicated on the attached sketch plan.

D.P.H. 074-23/20/4/T13-9 and T13-10.



**Administrateurkennisgewing No. 623.] [5 Augustus 1964.  
VELEGGING EN VERBREDING.—OPENBARE  
PAD, DISTRIK NIGEL.**


Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Springs, goedkeur het dat Provinciale Pad No. P5-1 oor die plaas Nooitgedacht No. 294—I.R., distrik Nigel, ingevolge paragraaf (d) van subartikel (1) van artikel vyf en artikel drie van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), verlê en verbreed word na 120 Kaapse voet, soos op bygaande sketsplan aangetoon.

D.P. 021-022S-3/11/1916.

**Administrator's Notice No. 623.]** [5 August 1964.  
**DEVIATION AND WIDENING.—PUBLIC ROAD,**  
**DISTRICT NIGEL.**

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Springs, that Provincial Road No. P5-1 traversing the farm Nooitgedacht No. 294—I.R., District of Nigel, shall be deviated and widened to 120 Cape feet in terms of paragraph (d) of sub-section (1) of section *five* and section *three* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), as indicated on the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 021-022S-3/11/1916.



**Administrateurkennisgewing No. 624.] [5 Augustus 1964.**  
**MUNISIPALITEIT LOUIS TRICHARDT.—WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *negé-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Municipali-teit Louis Trichardt, aangekondig by Administrateursken-nisgewing No. 396 van 27 Augustus 1941, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:—

1. Deur in die aanvangsparagraaf van item 1 van die Skedule van die Watertarief die woorde „kerke, kerksale, openbare sale” na die woorde „skole” in te voeg.
  2. Deur in item 4 van die Skedule van die Watertarief die uitdrukking „Teen 'n koste van 3s. per 1,000 gelling per maand” deur die woorde „Teen kos-prys” te vervang.
  3. Deur in item 6 van die Skedule van die Watertarief die uitdrukking „Teen 'n koste van 3s. per 1,000 gelling per maand” deur die woorde „Teen koste” te vervang.
  4. Deur in item 8 van die Skedule van die Watertarief—
    - (1) die uitdrukking „(1)” voor die bestaande paragraaf wat met die woorde „Enige persoon wat verlang dat . . .” in te voeg;
    - (2) die bedrag „£10” in subitem (1) deur die bedrag „R24” te vervang; en
    - (3) die volgende na subitem (1) in te voeg:—  
„(2) Vir alle aansluitings groter as 'n  $\frac{1}{2}$  duim sal 'n bedrag gelykstaande met die werklike koste plus 'n toeslag van tien persent (10%) op sodanige werklike koste betaalbaar wees.” T.A.I.G. 5/104/20.

**Administrateurskennisgewing No. 625.] [5 Augustus 1964.**  
**MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG.—WYSIGING  
VAN MUNISIPALE PENSIÖEN- EN VOOR-  
SIENINGSFONDSVERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel honderd-en-een van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel nege-en-negentig van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

**Administrator's Notice No. 624.] [5 August 1964.**  
**LOUIS TRICHARDT MUNICIPALITY.—AMEND-  
MENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section one hundred and one of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section ninety-nine of the said Ordinance.

Amend the Water Supply By-laws of the Louis Trichardt Municipality, published under Administrator's Notice No. 396, dated 27th August, 1941, as amended, as follows: —

1. By the insertion of the words "churches, church halls and public halls" after the word "schools" in the first paragraph of item 1 of the Schedule of the Water Tariff.
  2. By the deletion of the words and figures "3s. per 1,000 gallons per month" after the word "cost" in item 4 of the Schedule of the Water Tariff.
  3. By the deletion of the words and figures "3s. per 1,000 gallons per month" after the word "cost" in item 6 of the Schedule of the Water Tariff.
  4. By—
    - (1) the insertion in item 8 of the Schedule of the Water Tariff of the expression "(1)" before the existing paragraph commencing with the words "Any person or persons requiring . . .";
    - (2) the substitution for the words and figure "the sum of £10" in sub-item (1) of item 8 of the Schedule of the Water Tariff of the words and figure "the sum of R24"; and
    - (3) the insertion after sub-item (1) in item 8 of the Schedule of the Water Tariff of the following:—

"(2) For all connections in excess of  $\frac{1}{2}$  and one inch a sum equal to the actual cost *plus* a surcharge of ten per cent (10%) will be payable on such actual cost."

T.A.L.G. 5/104/20,

**Administrator's Notice No. 625.] [5 August 1964.**

**JOHANNESBURG MUNICIPALITY.—AMENDMENT  
TO MUNICIPAL PENSION AND PROVIDENT  
FUNDS BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section one hundred and one of the Local Government Ordinance 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section ninety-nine of the said Ordinance.

Die Municipale Pensioen- en Voorsieningsfondsverordeninge van die Municipaaliteit Johannesburg, aangekondig by Administrateurskennisgewing No. 723 van 24 Oktober 1962, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:—

1. Deur die volgende na subartikel (2) van artikel 15 van Hoofstuk II in te voeg:—

„(3) As alternatief vir die ronde bedrag en pensioen wat kragtens subartikel (1) bereken word, kan 'n lid sy pensioen, bereken ingevolge artikel 14, omsit in 'n pensioen wat groter is, en 'n ronde bedrag wat kleiner is, as wat in subartikel (1) van hierdie artikel bepaal word en in dié geval kan die volgende aan die lid uitbetaal word:—

(a) Die kleiner ronde bedrag wat hy aanvra en 'n pensioen gelykstaande met die pensioen wat kragtens artikel 14 betaalbaar is, min die bedrag wat ooreenkomsdig die volgende formule bereken is:—

$$\frac{X}{Y} \times Z$$

waar, in hierdie formule,  $X$  die kleiner ronde bedrag is wat aangegee is;  $Y$  die ronde bedrag is wat ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel betaalbaar is; en  $Z$  die verskil is tussen die pensioene wat ingevolge artikel 14 en subartikel (1) van hierdie artikel betaalbaar is.

(b) die hoër pensioen wat hy aanvra en wat nie die pensioen wat kragtens artikel 14 betaalbaar is, mag oorskry nie, en 'n ronde bedrag wat ooreenkomsdig die volgende formule bereken word:—

$$\frac{R - S}{T} \times U$$

waar, in hierdie formule,  $R$  die pensioen is wat ooreenkomsdig artikel 14 bereken word;  $S$  die hoër pensioen is wat aangegee is;  $T$  die verskil is tussen die pensioene wat ooreenkomsdig artikel 14 en subartikel (1) van hierdie artikel bereken word; en  $U$  die ronde bedrag is wat ooreenkomsdig subartikel (1) van hierdie artikel bereken word.

2. Deur in subartikel (1) van artikel 29 van Hoofstuk II die woorde „omdat sy gaan trou of getroud is” deur die woorde „vanweë haar trouwe” te vervang.

3. Deur in subartikel (2) van artikel 51 van Hoofstuk IV die woorde „kan die komitee na goedunke” deur die woorde „moet die komitee” te vervang.

T.A.L.G. 5/71/2.

Administrateurskennisgewing No. 626.] [5 Augustus 1964.  
MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG.—WYSIGING  
VAN RIOLERINGS- EN LOODGIETERSVER-  
ORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel honderd-en-een van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel nege-en-negentig van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Riolerings- en Loodgietersverordeninge van die Municipaaliteit Johannesburg, aangekondig by Administrateurskennisgewing No. 509 van 1 Augustus 1962, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na subartikel (7) van artikel 66 die volgende in te voeg:—

„(8) Die Raad kan op enige redelike tyd, op enige dag van die week en op sodanige wyse as wat hy besluit met inagneming van die algemene vereistes van die diens en in besonder met die oog op die uitskakeling van afsonderlike of onnodige ritte deur die Raad se vakuumtenkwaens, enige rioltenk-leegmaak, of as die omstandighede dit vereis, dit slegs gedeeltelik leegmaak.”

T.A.L.G. 5/34/2.

Amend the Municipal Pension and Provident Funds By-laws of the Johannesburg Municipality, published under Administrator's Notice No. 723, dated the 24th October, 1962, as amended, as follows:—

1. By the insertion after sub-section (2) of rule 15 of Chapter II of the following:—

„(3) As an alternative to the lump sum and pension calculated in terms of sub-section (1), a member may commute his pension calculated in terms of rule 14 to a pension that is larger and a lump sum that is smaller than as provided in sub-section (1) of this rule, in which case the member may be paid—

(a) such reduced lump sum as he may specify and a pension equal to the pension payable in terms of rule 14 less the sum calculated in terms of the following formula:—

$$\frac{X}{Y} \times Z$$

in which formula  $X$  is the reduced lump sum specified;  $Y$  is the lump sum payable in terms of sub-section (1) of this rule; and  $Z$  is the difference between the pensions payable in terms of rule 14 and sub-section (1) of this rule;

or

(b) such increased pension, not exceeding that payable in terms of rule 14, as he may specify and a lump sum calculated in terms of the following formula:—

$$\frac{R - S}{T} \times U$$

in which formula;  $R$  is the pension calculated in terms of rule 14;  $S$  is the increased pension specified;  $T$  is the difference between the pensions calculated in terms of rule 14 and sub-section (1) of this rule; and  $U$  is the lump sum calculated in terms of sub-section (1) of this rule.”

2. By the substitution in the Afrikaans text of sub-section (1) of rule 29 of Chapter II for the words “omdat sy gaan trou of getroud is” of the words “vanweë haar trouwe”.

3. By the substitution in the Afrikaans text of sub-section (2) of rule 51 of Chapter IV for the words “kan die komitee na goedunke” of the words “moet die komitee”.

T.A.L.G. 5/71/2.

Administrator's Notice No. 626.] [5 August 1964.  
JOHANNESBURG MUNICIPALITY.—AMENDMENT  
TO DRAINAGE AND PLUMBING BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section one hundred and one of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section ninety-nine of the said Ordinance.

Amend the Drainage and Plumbing By-laws of the Johannesburg Municipality, published under Administrator's Notice No. 509, dated the 1st August, 1962, as amended, by the insertion after sub-section (7) of section 66 of the following:—

“(8) The Council shall be entitled to empty—or, if the circumstances so require, to draw off part of the contents of—any conservancy tank at any reasonable time on any day of the week and in such a manner as it may decide having regard to the general requirements of the service and in particular to the necessity for avoiding separate or unnecessary journeys by the Council's vacuum tank vehicles.”

T.A.L.G. 5/34/2.

Administrateurskennisgewing No. 627.] [5 Augustus 1964.  
**MUNISIPALITEIT ELSBURG.—SANITÈRE TARIEF.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Sanitère Tarief van die Munisipaliteit Elsburg, hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

A. Die Sanitère Tarief van die Munisipaliteit Elsburg is soos volg:

R c

**1. Nagvulverwyderings.**

Waar geen spoekloset in gebruik is nie vir die verwydering twee keer per week, per emmer, per maand of gedeelte daarvan

0 60

**2. Suigtenkverwyderingsdienste.**

- (1) Vir die verwydering van vuilwater, per 100 gelling, of gedeelte daarvan ... ... 0 15
- (2) Vir die opruiming van verstoppings in septiesetenkdienste, en rioolpipe, per opruiming ... ... ... ... 3 00

**3. Vullisverwyderingsdiens.**

(Vullisbak beteken standaardvullisbak van 3 kubieke voet volume.)

- (1) Verwyderings, twee keer per week, per vullisbak, per maand ... ... ... 0 60
- (2) Daaglikse verwyderings, per vullisbak, per maand ... ... ... 1 50
- (3) Vir die verwydering van tuin- en bedryf-vullis, per vrag van 3 kubieke jaart, of gedeelte daarvan ... ... ... 1 00

**4. Verwydering van dooie diere.**

- (1) Perd, donkie, muil, bul, os, koei of enige ander dier wat tot die perde en beesras behoort, uitgenome dié in items (2) en (3) genoem, per karkas ... ... ... 5 00
- (2) Kalf of vul (onder die ouderdom van 12 maande), skaap, bok of vark ... ... 2 00
- (3) Hond, kat of pluimvee, per karkas ... 0 50

B. Die Sanitère Tarief van dié Munisipaliteit Elsburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 168 van 7 Junie 1915, soos gewysig, word hierby herroep.

T.A.L.G. 5/81/56.

Administrateurskennisgewing No. 628.] [5 Augustus 1964.  
**MUNISIPALITEIT BARBERTON.—WYSIGING VAN VERORDENINGE OP DIE LEWERING VAN ELEKTRISITEIT.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge op die Lewering van Elektrisiteit van die Munisipaliteit Barberton, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 537 van 8 September 1937, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 11 van die Tarief van Betalings in die Skedule daarvan die uitdrukking „40 persent” deur die uitdrukking „twee-en-veertig en 'n half persent (42½%)” te vervang.

T.A.L.G. 5/36/5.

Administrateurskennisgewing No. 629.] [5 Augustus 1964.  
**MUNISIPALITEIT LYDENBURG.—WYSIGING VAN ABATTOIRVERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Administrator's Notice No. 627.] [5 August 1964.  
**ELSBURG MUNICIPALITY.—SANITARY TARIFF.**

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the Sanitary Tariff of the Elsburg Municipality, set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

A. The Sanitary Tariff of the Elsburg Municipality is as follows:

R c

**1. Nightsoil Removals.**

Where no water-closet is in use, for the removal twice weekly, per pail, per month, or part thereof ... ... ... ... 0 60

**2. Vacuum Tank Removal Services.**

- (1) For the removal of waste water, per 100 gallons, or part thereof ... ... ... ... 0 15
- (2) For clearance of stoppages in septic tank services and sewerage pipes, per clearance ... ... ... ... 3 00

**3. Refuse Removals.**

- (Refuse receptacle means standard receptacle 3 cubic feet in volume.)
- (1) Removals, twice weekly, per refuse receptacle, per month ... ... ... ... 0 60
  - (2) Daily removals, per refuse receptacle, per month ... ... ... ... 1 50
  - (3) For the removal of garden refuse and trade waste, per load of 3 cubic yards, or part thereof ... ... ... ... 1 00

**4. Removal of Dead Animals.**

- (1) Horse, donkey, mule, bullock, ox, cow or other animal belonging to the equine and bovine race, other than those referred to in items (2) or (3), per carcase ... ... ... ... 5 00
- (2) Calf, or foal (under the age of 12 months), sheep, goat or pig, per carcase 2 00
- (3) Dog, cat, or poultry, per carcase ... ... 0 50

B. The Sanitary Tariff of the Elsburg Municipality, published under Administrator's Notice No. 168, dated the 7th June, 1915, as amended, is hereby revoked.

T.A.L.G. 5/81/56.

Administrator's Notice No. 628.] [5 August 1964.  
**BARBERTON MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

Amend the Electricity Supply By-laws of the Barberton Municipality, published under Administrator's Notice No. 537, dated the 8th September, 1937, as amended, by the substitution in item 11 of the Tariff of Charges in the Schedule thereto for the expression “40 per cent” of the expression “forty-two and a half per cent (42½%).”

T.A.L.G. 5/36/5.

Administrator's Notice No. 629.] [5 August 1964.  
**LYDENBURG MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO ABATTOIR BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

Die Abattoirverordeninge van die Munisipaliteit Lydenburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 1093 van 8 Desember 1954, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:—

1. Deur in artikel 2 die woorde "en/of inspeksiedoel-eindes" na die woorde "slagdooeindes" in te voeg.
2. Deur Deel 2 van Bylae I deur die volgende te vervang:—

"Inspeksiegeld vir ondersoek en merk of stempel van karkasse of afval wat binne die munisipaliteit ingevoer is:—

	R c
(a) Vir elke karkas van 'n bul, os, jongos, koei, vers of jongbul, of gedeelte daarvan	0 75
(b) Vir elke kalfkarkas, of gedeelte daarvan	0 25
(c) Vir elke varkkarkas, of gedeelte daarvan	0 50
(d) Vir elke karkas van 'n skaap, lam of bok, of gedeelte daarvan	0 15
(e) Vir elke karkas van 'n perd of muil, of gedeelte daarvan	0 75
(f) Vir elke donkiekarkas, of gedeelte daarvan	0 20
(g) Vir beeskoppe, elk	0 10
(h) Vir alle afval van die tipe diere genoem onder (a) tot (f) elk, of gedeelte daarvan	0 20
(i) Vir groot hoeveelhede vleis of gemeng in gewigte van 20 lb., of gedeelte daarvan	0 10."
T.A.L.G. 5/2/42.	

Amend the Abattoir By-laws of the Lydenburg Municipality, published under Administrator's Notice No. 1093, dated the 8th December, 1954, as amended, as follows:—

1. By the insertion in section 2 of the words "and/or inspection purposes" after the word "slaughtering".
2. By the substitution for Part 2 of Schedule I of the following:—

"Inspection fee for examining and marking or stamping of carcasses or offal introduced into the Municipality:—

	R c
(a) For every carcass, or part thereof, of a bull, ox, bullock, cow, heifer or steer	0.75
(b) For every carcass of a calf, or part thereof	0.25
(c) For every carcass of a pig, or part thereof	0.50
(d) For every carcass of a sheep, lamb or goat, or part thereof	0.15
(e) For every carcass of a horse or mule, or part thereof	0.75
(f) For every carcass of a donkey, or part thereof	0.20
(g) For bovine heads, each	0.10
(h) For the offal of each of the type of animals specified under item (a) to (f) or part thereof	0.20
(i) For large quantities of meat or mixed at weight per 20 lbs., or part thereof	0.10."
T.A.L.G. 5/2/42.	

Administrateurskennisgewing No. 630.] [5 Augustus 1964.  
MUNISIPALITEIT MEYERTON: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSLEWERINGSREGULASIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel honderd-en-een van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel nege-en-negentig van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsleweringssregulasies van die Munisipaliteit Meyerton, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 424 van 10 September 1941, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Skale 2, 3 en 4 van Deel IV van die Tarief van Gelde deur die volgende te vervang:—

„2. Skale 2A, 2B, 2C en 2D: Handel, industrieel en algemeen.—Hierdie skale is van toepassing op alle persele wat nie uitdruklik onder enige van die ander skale vermeld is nie.

Die tarief betaalbaar deur bogemelde verbruikers is as volg:—

(a) *Skaal 2A.*—(a) Vir die eerste 20 eenhede gedurende enige maand verbruik: 6c per eenheid.

(b) Vir alle bykomende eenhede gedurende die selfde maand verbruik: 1·80c per eenheid.

(c) Minimum heffing: R2 per maand.

(b) *Skaal 2B.*—Die Raad moet op skriftelike versoek van die verbruiker en onderworpe daar-aan dat 'n aparte stroombaan, meterbord en toerusting aangebring is, 'n spesiale meter installeer om die verbruik van elektrisiteit vir handelskook-dooeindes, waterverhitting en -verkoeling te bepaal en die heffing ten opsigte van sodanige toevoer deur sodanige meter geregistreer, is as volg:—

Vir alle eenhede gedurende die maand verbruik: 0·913c per eenheid.

(c) *Skaal 2C (Aanvraagtarief).*—Meters vir die lewering teen die aanvraagtarief volgens hierdie skaal voorgeskryf, sal vir 'n minimum tydperk van 12 maande aangebring word.

Administrator's Notice No. 630.] [5 August 1964.  
MEYERTON MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS.

The Administrator hereby, in terms of section one hundred and one of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section ninety-nine of the said Ordinance.

Amend the Electricity Supply Regulations of the Meyerton Municipality, published under Administrator's Notice No. 424, dated the 10th September, 1941, as amended, by the substitution for Scales 2, 3 and 4 of Part IV of the Tariff of Charges, of the following:—

“2. Scales 2A, 2B, 2C and 2D: Commercial, Industrial and General.—These scales are applicable to all premises not specifically mentioned under any other scale.

The charges payable by the abovenamed consumers are as follows:—

(a) *Scale 2A.*—(a) For the first 20 units consumed in any month: 6c per unit.

(b) For all additional units consumed during the same month: 1·80c per unit.

(c) A minimum charge of R2 per month.

(b) *Scale 2B.*—The Council shall on written request by the consumer and subject to a separate circuit, meter board and accessories being installed, install a special meter for measuring the supply of electricity for commercial cooking, water heating and refrigeration purposes, and the charge for such supply as measured by such meter shall be as follows:—

For all units consumed during the month: 0·913c per unit.

(c) *Scale 2C (Demand Tariff).*—The minimum period for which metering for the demand tariff prescribed in terms of this scale will be installed is 12 months.

Die tarief volgens hierdie skaal voorgeskryf sal gewoonweg verbruikers pas met 'n onbestendige maandverbruik en met 'n aanvraag hoër as 25 kW.

- (a) 'n Diensheffing van R5 per maand.
- (b) 'n Aanvraagheffing van 75c per kilowatt maksimum aanvraag oor enige agtereenvolgende 30 minute gedurende die maand aangegeteken.
- (c) 'n Eenheidstarief van 0·80c per eenheid, vir alle eenhede gedurende die maand verbruik.
- (d) Minimum heffing: R20 per maand.
- (e) *Scale 2D (Aanvraagtarief).*—Meters vir die levering teen die aanvraagtarief volgens hierdie skaal voorgeskryf sal vir 'n minimum tydperk van 12 maande aangebring word.

Die tarief volgens hierdie skaal voorgeskryf sal gewoonlik verbruikers pas met 'n redelike bestendige maandverbruik en met 'n aanvraag van hoër as 40 kW.

- (a) 'n Diensheffing van R10 per maand.
- (b) 'n Aanvraagheffing van 4·60c met die aantal dae in die maand vermenigvuldig per kilowatt van die maksimum aanvraag wat oor enige agtereenvolgende 30 minute gedurende die maand geregistreer is.
- (c) Indien die prys per kilowattaanvraag soos gehef deur die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie, styg of daal, word die prys soos gehef deur die Raad dienoorenkostig gewysig.
- (d) Die eenheidstarief wat betrekking het op hierdie skaal is dieselfde as wat die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie van die Raad gevorder het ten opsigte van die maand onmiddellik voorafgaande aan die maand waarin die meter ten opsigte van die verbruiker afgelees word.
- (e) Die som van die maand se diensheffing, die aanvraagheffing en die eenheidstarief hierbo vermeld is onderworpe aan dieselfde korting as wat die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie aan die Raad toestaan, nl. 20 persent van die bedrag as daar is, waarmee genoemde som R1,000 oorskry en sal styg en daal ooreenkostig enige wysiging deur die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie aangebring ten opsigte van die Raad.
- (f) Die som onder paragrawe (a), (b) en (d) van hierdie skaal en die korting as daar is volgens paragraaf (e) daarvan is onderworpe aan 'n toeslag van  $9\frac{1}{2}$  persent wat dieselfde is as wat die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie op die Raad se verbruik hef en sal styg of daal ooreenkostig enige wysiging deur die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie aangebring ten opsigte van die Raad.
- (g) Indien die verbruiker se jaarlikse belastingsfaktor 60 persent oorskry, is die verbruiker se totale maandelikse rekening onderworpe aan die volgende persentasiekorting:

Nege tiendes van die jaarlikse korting wat die Raad gedurende die vorige kalenderjaar ontvang het vermenigvuldig met eenhonderd en gedeel deur die bedrag wat die Raad gedurende die voorlaaste kalenderjaar aan die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie ten opsigte van elektrisiteit betaal het.

*L.W.*—Korting word tot die naaste volle getal bereken: Met dien verstande dat ·5 en meer as een gencem word.

- (h) Minimum heffing van R100 per maand word gehef.

The tariff provided in terms of this scale normally will suit consumers whose monthly consumption is irregular and whose demand exceeds 25 kW.

- (a) A service charge of R5 per month.
  - (b) A demand charge at the rate of 75c per kilowatt maximum demand measured over any consecutive 30 minutes during the month.
  - (c) A unit charge for all units consumed during the month of 0·80c per unit.
  - (d) A minimum charge of R20 per month.
  - (e) *Scale 2D (Demand Tariff).*—The minimum period for which metering for the demand tariff prescribed in terms of this scale will be installed is 12 months.
- The tariff prescribed in terms of this scale will normally suit consumers whose monthly consumption is fairly regular and whose demand exceeds 40 kW.
- (a) A service charge of R10 per month.
  - (b) A demand charge at the rate of 4·60c multiplied by the number of days in the month per kilowatt of the maximum demand registered over any consecutive 30 minutes during the month.
  - (c) Should the price per kilowatt demand as levied by the Electricity Supply Commission change, the price as levied by the Council shall change accordingly.
  - (d) The unit charge applicable to this scale shall be the same as that charged by the Electricity Supply Commission to the Council for the month immediately preceding the month in which the consumer's meter is read.
  - (e) The aggregate for the month of the service charge, the demand and the unit charge aforesaid shall be subject to the same discount as that granted by the Electricity Supply Commission, viz. 20 per cent upon the amount, if any, by which the said aggregate exceeds R1,000 and shall be subject to any change in the monthly discount allowed by the Electricity Supply Commission to the Council.
  - (f) The aggregate under paragraphs (a), (b) and (d) of this scale and the discount, if any, in terms of paragraph (e) thereof, shall be subject to a surcharge of  $9\frac{1}{2}$  per cent, which is equivalent to that charged by the Electricity Supply Commission to the Council. Should the surcharge of the Electricity Supply Commission change, the surcharge as levied by the Council shall change accordingly.
  - (g) Should the consumer's load factor exceed 60 per cent its monthly account shall be subject to the following further percentage discount:

Nine-tenths of the yearly rebate received by the Council during the last calendar year multiplied by 100 and divided by the total amount paid by the Council to the Electricity Supply Commission for electricity during the last calendar year but one.

*N.B.*—Discount to be calculated to the nearest whole number: Provided that ·5 and more shall be taken as one.

- (h) A minimum charge of R100 per month will be made.

- (i) Vir die doel van berekening van die jaarlikse belastingfaktor sal die hoogste aanvraag gedurende die vorige kalenderjaar vermenigvuldig met die aantal ure in dieseelfde jaar gedeel word in die werklike aantal eenhede deur die verbruiker, verbruik gedurende dieselfde jaar vermenigvuldig met een honderd.
3. *Skaal 3: Toevallige verbruikers.*—Elektrisiteit sal aan sirkusse, mallemeulens, pretparke, persone wat konstruksiewerke doen en ander toevallige verbruikers teen die volgende tarief gelewer word:
- Vir die eerste 300 eenhede gedurende die maand verbruik: 6c per eenheid.
  - Vir alle bykomende eenhede gedurende dieselfde maand verbruik: 1·80c per eenheid.
  - Minimum heffing van R10 per maand word gehef.

4. *Reëls van toepassing op hierdie tariewe.*—(1) Waar 'n verbruiker se elektrisiteitsinstallasie deur die Raad getoets en dit bevind word dat die kW-aanvraag minder as 80 persent van die kVA-aanvraag is, is die Raad geregtig om die verbruiker skriftelik in kennis te stel om sy arbeidsfaktor tot ten minste 80 persent te verhoog binne ses maande, en indien hy in gebreke bly, sal die Raad die kW-aanvraagmeter deur 'n kVA-aanvraagmeter vervang en die heffings ingevolge hierdie tarief is dan van toepassing op die kVA-aanvraag in plaas van kW-aanvraag.
- (2) Uitgesonderd Skaal 1, moet verbruikers wat deur middel van 'n transformator bedien word waar die krag aan die laagspanningkant van die transformator gemeet word, 'n toeslag van  $2\frac{1}{2}$  persent op die geregistreerde eenhede en  $2\frac{1}{2}$  persent op die maksimum aanvraag betaal."

T.A.L.G. 5/36/97.

Administrateurskennisgewing No. 631.] [5 Augustus 1964.  
MUNISIPALITEIT NIGEL.—WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE LISENSIERING VAN EN DIE TOESIG OOR, DIE REGULERING VAN EN DIE BEHEER OOR BESIGHEDEN, BEDRYWE, BEROEPE EN WERK.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge vir die Licensiering van en die Toesig oor die Regulering van en die Beheer oor Besighede, Bedrywe, Beroepe en Werk, van die Munisipaliteit Nigel, aangekondig by Administrateurskennisgewing No. 700 van 17 Desember 1940, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 13 van Deel VII van Bylae A die syfers „5 10 0” en „10 0 0” deur die bedrae „R3.00” en „R6.00” respektiewelik te vervang.

T.A.L.G. 5/97/23.

Administrateurskennisgewing No. 632.] [5 Augustus 1964.  
MUNISIPALITEIT LEEUWDOORNSSTAD.—WYSIGING VAN HONDE EN HONDELISENSIESVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Honde en Hondelisensiesregulasies van die Munisipaliteit Leeuwdoorningsstad, aangekondig by Hoofstuk XI van Administrateurskennisgewing No. 525 van 30 September 1927, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in artikel 3 die uitdrukking „£5” deur die uitdrukking „R5” te vervang.

T.A.L.G. 5/33/91.

(i) For the purpose of determining the load factor the maximum demand for the previous calendar year multiplied by the number of hours in the same year will be divided into the actual number of units used by the consumer in the same year, multiplied by one hundred.

3. *Scale 3: Itinerant Consumers.*—Electricity will be supplied to circuses, merry-go-rounds, amusement parks, persons carrying on construction works and other itinerant consumers at the following rate:
- For the first 300 units consumed during the month: 6c per unit.
  - For all additional units consumed during the same month: 1·80c per unit.
  - A minimum charge of R10 per month will be levied.

4. *Rules Applicable to these Tariffs.*—(1) Where a consumer's electrical installation is tested by the Council, and kW demand is found to be less than 80 per cent of the kVA demand, the Council shall be entitled to give him written notice to improve his power factor to not less than 80 per cent within six months, failing which the Council shall replace the kW demand meter with a kVA demand meter and the charges under this tariff shall then apply to kVA demand instead of to kW demand.

(2) With the exception of Scale 1, consumers supplied through transformers, if metering is carried out on the low tension side of the transformer, a surcharge of  $2\frac{1}{2}$  per cent of the units registered, and  $2\frac{1}{2}$  per cent of the maximum demand recorded, shall be made."

T.A.L.G. 5/36/97.

Administrator's Notice No. 631.] [5 August 1964.  
NIGEL MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO BY-LAWS FOR THE LICENSING OF AND FOR THE SUPERVISION, REGULATION AND CONTROL OF BUSINESSES, TRADES, OCCUPATIONS AND WORK.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

Amend the By-laws for the Licensing of and for the Supervision, Regulation and Control of Businesses, Trades, Occupations and Work, of the Nigel Municipality, published under Administrator's Notice No. 700, dated the 17th December, 1940, as amended, by the substitution in item 13 of Part VII of Schedule A for the figures "5 10 0" and "10 0 0" of the amounts "R3.00" and "R6.00", respectively.

T.A.L.G. 5/97/23.

Administrator's Notice No. 632.] [5 August 1964.  
LEEUWDORINGSSTAD MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO DOG AND DOG LICENSING BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

Amend the Dog and Dog Licensing Regulations of the Leeuwdoorningsstad Municipality, published under Chapter XI of Administrator's Notice No. 525, dated the 30th September, 1927, as amended, by the substitution in section 3 for the expression "£5" of the expression "R5".

T.A.L.G. 5/33/91.

**Administrateurskennisgewing No. 633.] [5 Augustus 1964.**  
**AFMERKING VAN UITSPANSERWITUUT OP DIE**  
**PLAAS AVONDSTÊR No. 120, REGISTRASIE-**  
**AFDELING H.O., DISTRIK CHRISTIANA.**


Met betrekking tot Administrateurskennisgewing No. 93 van die 13de Februarie 1963, word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Administrator behaag om ooreenkomsdig paragraaf (iv) van subartikel (1) en paragraaf (i) van subartikel (7) van artikel *ses-en-vyftig* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), goedkeuring te heg dat die serwituum ten opsigte van die onbepaalde of algemene uitspanning, 1/75ste van 2,430 morg 275 vierkante roede groot, waaraan die resterende gedeelte van Gedeelte E van die plaas Avondster No. 120, Registrasie-afdeling H.O., distrik Christiana, onderworpe is, verminder word na 5 morg en afgebaken word in die ligging soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 07-074C-37/3/A.6.

**Administrator's Notice No. 633.] [5 August 1964.**  
**DEMARCATION OF OUTSPAN SERVITUDE ON**  
**THE FARM AVONDSTÈR NO. 120, REGIS-**  
**TATION DIVISION H.O., DISTRICT OF CHRIS-**  
**TIANA.**

With reference to Administrator's Notice No. 93 of the 13th February, 1963, it is hereby notified for general information that the Administrator, is pleased, under the provisions of paragraph (iv) of sub-section (1) and paragraph (i) of sub-section (7) of section fifty-six of the Roads Ordinance 1957. (Ordinance No. 22 of 1957), to approve that the servitude in respect of the undefined or general outspan, in extent 1/75th of 2,430 morgen 275 square rods, to which the remaining extent of portion E of the farm Avondstêr No. 120, H.O., district of Christiana, is subject, be reduced to 5 morgen and be demarcated in the position as indicated on the subjoined sketch plan.

D.P. 07-074C-37/3/A.6.



## VERWYSING:

## BESTAANDE PAAIE

## AFGEBAKENDE UITSPANNING

## REFERENCE:

---

**EXISTING ROADS.**

---

## **DEMARCATED OUTSPAN.**

Administrateurskennisgewing No. 634.] [5 Augustus 1964.  
**INSTELLING VAN RAADPLEGENDE KOMITEE  
DIE INDIERGEMEENSKAP VAN PRIMINDIA  
IN DIE REGSGBIED VAN DIE STADSRAAD  
BRITS.**

Ingevolge die bepalings van subartikel (1) van artikel *twee* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Uitbreiding van Bevoegdhede), 1962 (Ordonnansie No. 22 van 1962), stel die Administrateur, met die goedkeuring van die Minister, hierby 'n raadplegende komitee in vir die groepsgebied wat in Bylae A hierby omskryf word en wat geleë is binne die regssgebied van 'n plaaslike bestuur, naamlik Brits; en ingevolge die bepalings van artikel *vier* van bedoelde Ordonnansie vaardig die Administrateur, met die goedkeuring van die Minister, hierby die regulasies uit soos vervat in Bylae B hiervan ten opsigte van bedoelde raadplegende komitee.

BYLAE A.

Met aanvangspunt, die punt waar die ou Rustenburgpad die suidelike grens van die Rustenburg-Pretoria-spoorwegeeidom raak; daarvandaan verder noordooswaarts langs die suidelike grens van genoemde spoorwegeidom na die noordoostelike baken van Gedeelte 66.

**Administrator's Notice No. 634.] [5 August 1964.**

**ESTABLISHMENT OF CONSULTATIVE COMMITTEE FOR THE INDIAN COMMUNITY OF PRIMINDIA IN THE AREA OF JURISDICTION OF THE BRITS TOWN COUNCIL.**

In terms of the provisions of sub-section (1) of section two of the Local Government (Extension of Powers) Ordinance, 1962 (Ordinance No. 22 of 1962), the Administrator, with the approval of the Minister, hereby establishes a consultative committee for the group area which is defined in Schedule A hereof and which is situated in the area of jurisdiction of a local authority, namely Brits, and in terms of the provisions of section four of the said Ordinance, the Administrator, with the approval of the Minister, hereby makes the regulations as set out in Schedule B thereof in respect of the said consultative committee.

**SCHEDULE A.**

Beginning at a point where the old Rustenburg Road meets the southern boundary of the Rustenburg-Pretoria railway property, proceeding thence north-eastwards along the southern boundary of the said railway property to the north-eastern beacon of Portion 66 (Diagram S.G. No.

(Kaart L.G. No. A.934/22) daarvandaan suidwaarts langs die oostelike grens van genoemde Gedeelte 66 na sy suidoostelike baken; daarvandaan suidweswaarts langs die noordelike grense van onderskeidelik Gedeelte 119 (Kaart L.G. No. A.1807/43) en die restant van die plaas (Kaart L.G. No. 1727/97), na die snypunt van laasgenoemde grens en die ou Rustenburgpad; daarvandaan noordwaarts langs genoemde ou Rustenburgpad na 'n punt waar dit die suidelike grens van die Rustenburg-Pretoria-spoorwegeindom raak, die aanvangspunt.

*L.W.*—Al die omskreve gedeeltes in bostaande Bylae het betrekking op gedeelte van die plaas Roodekopjes of Zwartkopjes No. 32, Landdrostdistrik Brits.

### BYLAE B.

#### REGULASIES BETREFFENDE INSTELLING VAN RAADPLEGENDE KOMITEE IN DIE REGSGBIED VAN DIE STADSRAAD BRITS.

##### *Woordomskrywing.*

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

- (i) „bevoegde persoon”, ‘n persoon wat nie ingevolge die bepalings van subartikel (1) van artikel een van die Wet ‘n onbevoegde persoon’ is nie met betrekking tot enige onroerende goed, grond of ‘n perseel in die groepsgebied(e) omskrywe in Bylae A; (iv)
- (ii) „die Wet”, die Wet op Groepsgebiede, 1957 (Wet No. 77 van 1957);
- (iii) „Komitee”, die Raadplegende Komitee ingevolge hierdie kennisgewing ingestel; (ii)
- (iv) „Ordonnansie”, die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Uitbreiding van Bevoegdheide), 1962; (iii)
- (v) „Stadsraad”, die Stadsraad van Brits; (i)

en enige ander woord wat gebruik word, het die betekenis wat by die Ordonnansie daaraan geheg word.

##### *Algemene doelstelling van Komitee.*

2. Die Komitee is verantwoordelik vir die bevordering van die belang en welsyn van die inwoners van sy gebied en bring alle sake wat daarop betrekking kan hê onder die aandag van die Stadsraad.

##### *Samestelling van Komitee.*

3. (1) Die Komitee bestaan uit vyf persone aangestel deur die Administrateur waarvan twee deur die Minister en een deur die Stadsraad benoem word.

(2) Indien die Stadsraad versuum of weier om binne dertig dae nadat hy deur of namens die Administrateur daartoe versoek is, ‘n persoon as lid te benoem, stel die Administrateur ‘n bevoegde persoon as lid aan namens die Stadsraad.

##### *Ampstermyn van Komitee.*

4. Behoudens die bepalings van regulasie 14, beklee ‘n lid van die Komitee sy amp vir ‘n tydperk van twee jaar bereken vanaf die datum van sy aanstelling.

##### *Aampsdraers van Komitee.*

5. (1) Die Administrateur benoem van tyd tot tyd een van die lede van die Komitee as Voorsitter daarvan vir ‘n tydperk van hoogstens een jaar: Met dien verstande dat ‘n aftredende Voorsitter weer benoem kan word.

(2) Die Komitee verkies van tyd tot tyd ‘n Ondervoorsitter uit sy geledere vir ‘n tydperk van hoogstens een jaar.

(3) Wanneer die Voorsitter afwesig is of nie in staat is om sy pligte uit te voer nie, tree die Ondervoorsitter as Voorsitter van die Komitee op en indien die Voorsitter sowel as die Ondervoorsitter van ‘n vergadering van die Komitee afwesig is, kies die by daardie vergadering aanwesige lede een uit hulle geledere om op daardie vergadering voor te sit.

(4) Die Stadsraad wys, met die goedkeuring van die Administrateur, ‘n beampete aan om as Sekretaris van die Komitee op te tree.

A.934/22); thence southwards along the eastern boundary of the said Portion 66 to its south-eastern beacon; thence south-westwards along the northern boundaries of Portion 119 (Diagram S.G. No. A.1807/43) remainder of the farm (Diagram No. 1727/97) respectively, to where the last-mentioned boundary is intersected by the old Rustenburg Road; thence northwards along the said old Rustenburg Road to where it meets the southern boundary of the Rustenburg-Pretoria railway property, the place of beginning.

NOTE.—All the portions mentioned in the Schedule above refer to portions of the farm Roodekopjes or Zwartkopjes No. 32, Brits Magisterial District.

### SCHEDULE B.

#### REGULATIONS CONCERNING THE ESTABLISHMENT OF THE CONSULTATIVE COMMITTEE IN THE AREA OF JURISDICTION OF THE BRITS TOWN COUNCIL.

##### *Definitions.*

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

- (i) “Council” means the Town Council of Brits; (v)
- (ii) “Committee” means the Consultative Committee established in terms of this notice; (iii)
- (iii) “Ordinance” means the Local Government (Extension of Powers) Ordinance, 1962; (iv)
- (iv) “qualified person” means a person who is not disqualified in terms of the provisions of subsection (1) of section one of the Act in relation to any immovable property, land or premises in the group area(s) defined in Schedule A; (i)
- (v) “the Act” means the Group Areas Act, 1957 (Act No. 77 of 1957); (ii)

and any other word or expression shall have the meaning assigned thereto in the Ordinance.

##### *General Purpose of Committee.*

2. The Committee shall be responsible for the promotion of the interests and welfare of the inhabitants of its area and shall bring all matters relating thereto to the notice of the Council.

##### *Constitution of Committee.*

3. (1) The Committee shall consist of five persons appointed by the Administrator of whom two shall be nominated by the Minister and one by the Council.

(2) If the Council fails or refuses to nominate a person as a member within thirty days after being requested to do so by or on behalf of the Administrator, the Administrator shall appoint a qualified person as a member on behalf of the Council.

##### *Period of Office of Committee.*

4. Subject to the provisions of regulation 14, a member of the Committee shall hold office for a period of two years calculated from the date of his appointment.

##### *Office-bearers of Committee.*

5. (1) The Administrator shall from time to time nominate one of the members of the Committee as Chairman thereof for a period not exceeding one year: Provided that a retiring Chairman may again be nominated.

(2) The Committee shall elect from time to time a Vice-Chairman from among its members for a period not exceeding one year.

(3) Whenever the Chairman is absent or unable to carry out his duties, the Vice-Chairman shall act as Chairman of the Committee and if the Chairman as well as the Vice-Chairman are absent from the Committee, the members present at that meeting shall elect one of their members to preside at that meeting.

(4) The Council shall, with the approval of the Administrator, nominate an officer to act as Secretary of the Committee.

*Vergaderings en kworum van Komitee.*

6. (1) Die eerste vergadering van die Komitee word gehou op die plek, dag en tyd wat deur of namens die Administrateur vasgestel word.

(2) Die Komitee hou 'n gewone vergadering minstens een keer elke maand en op 'n plek, dag en tyd wat die Komitee van tyd tot tyd in oorleg met die Stadsraad vasstel.

(3) Die Voorsitter kan te eniger tyd en moet op die skriftelike versoek van die Stadsraad of sy gevoldmagtigde 'n spesiale vergadering van die Komitee belê.

(4) 'n Vergadering van die Komitee kan tot 'n bepaalde dag en tyd verdaag word.

(5) Drie lede van die Komitee maak 'n kworum uit.

(6) Indien die Komitee in gebreke bly om 'n vergadering gedurende enige maand te hou, moet die Sekretaris die Stadsraad onverwyd in kennis stel.

(7) Behoudens die bepальings van subregulasie (8), is alle vergaderings van die Komitee vir 'n bevoegde persoon toeganklik en die Minister, die Administrateur en die Stadsraad kan elk 'n persoon magtig oom as sy verteenwoordiger vergaderings van die Komitee by te woon en aan die verrigtinge deel te neem, maar enige sodanige verteenwoordiger het geen stem nie.

(8) Indien die Komitee of die Stadsraad of sy gevoldmagtigde van mening is dat enige saak geriefliker en voorderiger in die afwesigheid van enige bevoegde persoon genoem in subregulasie (7) behandel kan word, gaan die Komitee in komitee en enige besluit aldus geneem, is ten volle van krag en regsgeldig as 'n besluit van die Komitee.

*Kennisgewing van vergaderings.*

7. (1) Die Sekretaris van die Komitee gee skriftelik kennis van die plek en die bepaalde dag en tyd vir die hou van gewone vergaderings aan elke lid van die Komitee wat daarna, totdat sodanige plek, dag of tyd verander word en kennis daarvan gegee is, sodanige vergaderings sonder nadere kennisgewing moet bywoon.

(2) Die Sekretaris van die Komitee gee skriftelik kennis aan elke lid van die Komitee van die plek, dag en tyd van elke spesiale vergadering minstens agt-en-veertig uur voor so 'n vergadering.

(3) Enige sodanige kennisgewing word aan die lid persoonlik oorhandig, of, na dit behoorlik geadresseer is, aan sy gebruiklike verblyf- of besigheidsplek gestuur.

(4) Die onopsetlike versuum om aan enige lid van die Komitee so 'n kennisgewing te besorg soos in hierdie regulasie bedoel, doen aan die geldigheid van enige vergadering geen afbreuk nie.

*Agenda en volgorde van verrigtinge.*

8. (1) Die Sekretaris van die Komitee is verantwoordelik vir die opstel van die agenda vir enige vergadering van die Komitee.

(2) Die volgorde van verrigtinge op elke gewone vergadering van die Komitee is soos volg:

- (a) Notule van vorige vergadering;
- (b) aansoeke van lede om verlof tot afwesigheid;
- (c) amptelike aankondigings;
- (d) onbestredre mosies van die Voorsitter;
- (e) vrae waarvan kennis gegee is;
- (f) kennisgewings van mosie wat van 'n vorige vergadering oorstaan;
- (g) petisies;
- (h) nuwe kennisgewings van mosie;
- (i) sake wat deur die Stadsraad na hom verwys is;

*Stemming by vergadering.*

9. (1) Alle sake wat voor 'n vergadering van die Komitee dien, word deur 'n meerderheid van stemme van die lede aanwesig beslis.

(2) Ingeval van 'n staking van stemme het die Voorsitter 'n beslissende stem benewens sy beraadslagende stem.

*Notule van vergadering.*

10. (1) Die notule van die verrigtinge van elke vergadering van die Komitee word gereeld bygehoud en bevat behoorlik gerangskikte, besonderhede van alle sake wat by die vergadering behandel is.

*Meetings and Quorum of Committee.*

6. (1) The first meeting of the Committee shall be held at the place and on the day and at the time fixed by or on behalf of the Administrator.

(2) The Committee shall hold an ordinary meeting at least once a month and at a place and on the day and at the time which the Committee shall from time to time determine in consultation with the Council.

(3) The Chairman may at any time and shall at the written request of the Council or its authorized representative, convene a special meeting of the Committee.

(4) A meeting of the Committee may be adjourned to a specified day and time.

(5) Three members of the Committee shall constitute a quorum.

(6) If the Committee should fail to hold a meeting during any month, the Secretary shall forthwith advise the Council thereof.

(7) Subject to the provisions of sub-regulation (8), all meetings of the Committee shall be open to a qualified person and the Minister, the Administrator and the Council may each authorize a person to attend meetings of the Committee as his or its representative and to take part in the proceedings but any such representative shall have no vote.

(8) If the Committee or the Council or its authorized representative is of the opinion that any matter can be dealt with more conveniently or advantageously in the absence of any qualified person referred to in sub-regulation (7), the Committee shall go into committee and any resolution so taken, shall be of full force and effect as a resolution of the Committee.

*Notice of Meetings.*

7. (1) The Secretary of the Committee shall give written notice of the place and the specified day and time for the holding of ordinary meetings to every member of the Committee who shall thereafter until such place, day or time is altered and notice of such alteration has been given, be required to attend such meetings without further notice.

(2) The Secretary of the Committee shall give written notice to each member of the Committee of the place, day and time of every special meeting at least forty-eight hours before such meeting.

(3) Any such notice shall be handed to the member personally or, after it has been properly addressed, sent to his usual place of residence or business.

(4) The inadvertent failure to furnish any member of the Committee with a notice as contemplated in this regulation, shall not affect the validity of any meeting.

*Agenda and Order of Precedence of Business.*

8. (1) The Secretary of the Committee shall be responsible for the preparation of the agenda for any meeting of the Committee.

(2) The order of precedence of the business at each ordinary meeting of the Committee shall be as follows:

- (a) Minutes of previous meeting;
- (b) applications of members for leave of absence;
- (c) official announcements;
- (d) unopposed motions of the Chairman;
- (e) questions of which notice has been given;
- (f) notices of motion standing over from a previous meeting;
- (g) petitions;
- (h) new notices of motion;
- (i) matters referred to it by the Council.

*Voting at Meeting.*

9. (1) All matters before a meeting of the Committee shall be decided by majority of the votes of the members present.

(2) In the case of an equality of votes, the Chairman shall have a casting vote as well as a deliberative vote.

*Minutes of Meeting.*

10. (1) The minutes of the proceedings of every meeting of the Committee shall be regularly kept and shall contain in proper order details of all matters dealt with at the meeting.

(2) Die notule van die verrigtinge van elke vergadering word by die daaropvolgende gewone vergadering voorgelê en, as dit as korrek aanvaar word, bekratig deur die handtekening van die Voorsitter.

(3) Die notule van verrigtinge van elke vergadering van die Komitee uitgesonderd vergaderings in komitee, is ter insae van enige inwoner van die gebied.

(4) Gesertificeerde afskrifte van alle notule van verrigtinge van vergaderings van die Komitee en ander daarmee verbandhoudende stukke, word deur die Sekretaris so spoedig moontlik aan die Stadsraad verskaf en, indien hy dit vereis, ook aan die Minister en die Administrateur.

#### *Oordrag van besluite aan Stadsraad.*

11. Enige kommentaar of voorstel wat die Komitee lewer of maak in verband met enige aangeleenthed waaroor hy kragtens hierdie regulasies deur die Stadsraad geraadpleeg moet word, word behoudens paragraaf (b) van subartikel (3) van artikel *twee* van die Ordonnansie, binne vyf dae na aloop van die vergadering waarop sodanige aangeleenthed deur die Komitee behandel is, skriftelik deur die Sekretaris oorgedra aan die Stadsraad en onder die handtekening van die Voorsitter.

#### *Raadpleging van die Komitee deur Stadsraad.*

12. (1) Die Stadsraad raadpleeg die Komitee oor die volgende aangeleenthede vir soverre sodanige aangeleenthede regstreeks betrekking het op die gebied van die Komitee:—

- (a) Voorstelle in verband met die begroting insluitende die kapitaalbegroting;
- (b) die uitvoering van genoemde begrotingsvoorstelle, insluitende dié wat betrekking het op—
  - (i) die heffing op belasbare eiendom van enige algemene belasting, gesondheidsbelasting, waterbelasting of spesiale belasting;
  - (ii) die heffing van geldie vir munisipale dienste;
  - (iii) die besteding van enige fondse aan permanente verbeterings en ontwikkelingswerke;
  - (iv) die aangaan van enige lening;
  - (v) die maak, bou, verandering, skoonhou, repareer, sluiting en verlegging van openbare strate;
  - (vi) die verskaffing of oornname van begraafplase en die oordrag daarvan aan enige liggaam;
  - (vii) die instelling, oprigting, instandhouding en sluiting van markte en markgeboue en die verhuring van en heffing van huurgelde ten opsigte van gedeelte van sulke geboue en staljetjies daarin;
  - (viii) die oprigting en instandhouding van brandweer- en ambulansdienste; en
  - (ix) die instelling, verskaffing, onderhoud, verbetering, staking of sluiting van openbare biblioteke, en parke, geriewe vir baai, vermaakklikeid, sport, piekniekmaak en kampeer en gesondheids- en ontspanningsoorde, tesame met hutte, paviljoene, verversingskamers en ander akkommodasie en geriewe in verband daarmee;
- (c) die weë en middele ter voorkoming van wantoestande en oortredings van die Stadsraad se verordeninge;
- (d) die voorgestelde uitvaardiging van enige verordeninge deur die Stadsraad;
- (e) die beplanning en uitvoering van enige behuisingskema;
- (f) die opstel en voorbereiding van enige dorpsaanlegskema en enige wysiging daarvan;
- (g) die voorsiening, uitbreiding, inkorting of staking van enige kindersorgdienste en -geriewe;
- (h) die aanstelling van enige beampete en werknemer wat 'n bevoegde persoon is en wat hoofsaaklik of uit-sluutlik binne die gebied van die Komitee werkzaam sal wees; en
- (i) sodanige ander aangeleenthede as wat die Administrateur, na goeddunke en na raadpleging met die Stadsraad, van tyd tot tyd kan bepaal.

(2) The minutes of the proceedings of every meeting shall be presented to the next succeeding ordinary meeting and, if accepted as correct, shall be confirmed by the signature of the Chairman.

(3) The minutes of the proceedings of every meeting of the Committee, except meetings in committee, shall be open for inspection by any inhabitant of the area.

(4) Certified copies of all minutes of the proceedings of meetings of the Committee and other relative documents, shall be furnished to the Council as soon as possible by the Secretary and, if he so requires, also to the Minister and the Administrator.

#### *Council to be Informed of Resolutions.*

11. Any comment or suggestion offered or made by the Committee in connection with any matter on which it shall be consulted by the Council in terms of these regulations, shall, subject to paragraph (b) of sub-section (3) of section two of the Ordinance, within five days after the termination of the meeting at which such matter was dealt with by the Committee, be furnished by the Secretary, in writing, to the Council and under the signature of the Chairman.

#### *Consultation of Committee by Council.*

12. (1) The Council shall consult the Committee in regard to the following matters in so far as they relate directly to the area of the Committee:—

- (a) Proposals in connection with the estimates including capital estimates;
- (b) the implementation of the said proposals for the estimates, including those which relate to—
  - (i) the levy on rateable property of any general rate, health rate, water rate or special rate;
  - (ii) the levy or tariffs for municipal services;
  - (iii) the spending of any funds on permanent improvements and development works;
  - (iv) the raising of any loan;
  - (v) the making, construction, alteration, cleaning, repairing, closing and deviation of public streets;
  - (vi) the provision or taking over of cemeteries and the transfer thereof to any body;
  - (vii) the establishment, erection, maintenance and closing of markets and market buildings and the leasing of and raising of rent charges in respect of portions of such buildings and stalls therein;
  - (viii) the establishment and maintenance of fire and ambulance services; and
  - (ix) the establishment, provision, maintenance, improvement, disestablishment or closure of public libraries and parks, facilities for bathing, entertainment, sport, picknicking and camping and health and recreational resorts, including huts, pavilions, refreshment rooms and other accommodation and facilities in connection therewith;
- (c) the ways and means to prevent nuisances and contraventions of the by-laws of the Council;
- (d) the proposed promulgation of any by-law by the Council;
- (e) the planning and carrying out of any housing scheme;
- (f) the drafting and preparation of any town-planning scheme and any alteration thereof;
- (g) the provision, extension, reduction or termination of any child welfare service and facilities;
- (h) the appointment of any officer or employee who is a qualified person and who will be employed mainly or exclusively within the area of the Committee;
- (i) such other matter as the Administrator in his discretion and after consultation with the Council may from time to time determine.

(2) Waar enige geskil ontstaan of enige aangeleentheid regstreeks betrekking het op die gebied van die Komitee soos beoog in subregulasie (1), is die beslissing van die Administrateur aangaande daardie geskil, die eindbeslissing.

#### Diskwalifikasies vir lidmaatskap.

13. Geen persoon kan as lid van die Komitee aangestel word nie as—

- (a) hy 'n ongerehabiliteerde insolvent is; of
- (b) hy binne die voorafgaande twee jaar sy boedel oor-gegee het; of
- (c) hy 'n vreemdeling is soos omskryf by artikel een van die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, 1949 (Wet No. 44 van 1949); of
- (d) hy onderworpe is aan 'n bevel van die hof waarby hy as swaksinnig of geestelik gekrenk of gebrekkig verklaar is of ingevolge die Wet op Geestes-gebreken, 1916, wettiglik aangehou word as geestelik gekrenk of gebrekkig; of
- (e) hy binne die voorafgaande drie jaar skuldig bevind en gestraf is met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, tensy volle gracie aan hom verleen is.

#### Vakature in Komitee.

14. (1) 'n Vakature in die amp van 'n lid van die Komitee ontstaan wanneer—

- (a) 'n lid se ampstermyn verstryk; of
- (b) 'n lid sterf; of
- (c) 'n lid sy skriftelike bedanking by die Sekretaris indien; of
- (d) 'n finale bevel uitgevaardig word waarby die boedel van 'n lid as insolvent gesekwestreer word; of
- (e) 'n lid sy boedel oorgee; of
- (f) 'n lid 'n vreemdeling word soos omskryf by artikel een van die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, 1949 (Wet No. 44 van 1949); of
- (g) 'n lid deur 'n hof tot kranksinning of geestelik gekrenk of gebrekkig verklaar word of kragtens die Wet op Geestesgebreken, 1916, wettiglik as geestelik gekrenk of gebrekkig aangehou word; of
- (h) 'n lid skuldig bevind en veroordeel word tot gevangenisstraf; sonder die keuse van 'n boete; of
- (i) 'n lid sonder verlof van drie agtereenvolgende gewone vergaderings van die Komitee afwesig is;

en enige sodanige vakature word deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur verklaar deur binne vier dae nadat hy daarvan bewus geword het 'n kennisgewing te dien effekte aan die Stadsklerk te rig en 'n afskrif daarvan aan die Sekretaris van die Komitee te stuur.

(2) Wanneer die amp van 'n lid van die Komitee vakant raak voor die verstryking van sy ampstermyn, stel die Administrateur, met inagneming van die bepalings van regulasie 3, 'n persoon aan as lid wat as sodanige aanbly vir die onverstreke ampstermyn van sy voorganger.

T.A.L.G. 27/3/10.

Administrateurskennisgewing No. 635.] [5 Augustus 1964.

#### MUNISIPALITEIT ERMELO.—WYSIGING VAN BOUVERORDENINGE:

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel honderd-en-een van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel nege-en-negentig van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Bouverordeninge van die Munisipaliteit Ermelo, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 70 van 17 Februarie 1943, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:—

1. Deur artikel 421 deur die volgende te vervang:—  
„421. Skaal van gelde.

(1) Die minimum bedrag betaalbaar op enige ontwerp vir 'n gebou is R3, uitgesonderd in die geval van skaal 4.

(2) Where any dispute arises whether any matter relates directly to the area of the Committee as contemplated in sub-regulation (1), the decision of the Administrator on such dispute shall be final.

#### Disqualifications for Membership.

13. No person may be appointed as a member of the Committee if—

- (a) he is an unrehabilitated insolvent; or
- (b) within the preceding two years he has assigned his estate; or
- (c) he is an alien as defined by section one of the South African Citizenship Act, 1949 (Act No. 44 of 1949); or
- (d) he is subject to an order of court declaring him to be of unsound mind or mentally disordered or defective or is lawfully detained as mentally disordered or defective under the Mental Disorders Act, 1916; or
- (e) within the preceding three years he has been convicted and sentenced to imprisonment; without the option of a fine, unless, he has obtained a free pardon.

#### Vacancies in Committee.

14. (1) A vacancy in the office of a member of the Committee shall occur when—

- (a) the term of office of a member expires; or
- (b) a member dies; or
- (c) a member tenders his resignation, in writing, to the Secretary; or
- (d) a final order sequestering his estate as insolvent is made; or
- (e) a member assigns his estate; or
- (f) a member becomes an alien as defined in section one of the South African Citizenship Act, 1949 (Act No. 44 of 1949); or
- (g) a member is declared by a court to be of unsound mind or mentally disordered or defective or is lawfully detained as mentally disordered or defective under the Mental Disorders Act, 1916; or
- (h) a member is found guilty and sentenced to imprisonment without the option of a fine; or
- (i) a member has been absent without leave from three consecutive ordinary meetings of the Committee, and any such vacancy,

shall be declared by the Director of Local Government within four days of his becoming aware thereof by sending a notice to that effect to the Town Clerk of the Council and a copy thereof to the Secretary of the Committee.

(2) Whenever the office of a member of the Committee becomes vacant before the expiry of his period of office, the Administrator, with due regard to the provisions of regulation 3, shall appoint a person as a member who shall remain in office for the unexpired period of office of his predecessor.

T.A.L.G. 27/3/10.

Administrator's Notice No. 635.] [5 August 1964.

#### ERMELO MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO BUILDING BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section one hundred and one of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section ninety-nine of the said Ordinance.

Amend the Building By-laws of the Ermelo Municipality, published under Administrator's Notice No. 70, dated the 17th February, 1943, as amended, as follows:—

1. By the substitution for sub-section 421 of the following:—

